# Hoofstuk Sewe
# Konklusie en kritiese refleksie




**Prent: Die arend, simbool van redding in albei verhale**

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


# KONKLUSIES EN REFLEKSIE

## 1. OORSIG OOR DIE PROSES

### Hipoteseformulering

Ek het die studie begin met baie vrae en slegs `n vae vermoede van iets wat ek in my eie lewe beleef het en sou wou beskryf as `n 'openbaring': die ontdekking van Evangelie in die The Lord of the Rings, die bewuswording van ooreenkomste tussen hierdie verhaal en `n ander verhaal wat my lewe verander het, die boek van Openbaring.

Nou kyk ek terug op `n studie wat nie as afgehandel beskou kan word nie, enersyds omdat ek maar net begin het om die narratief-kritiese benadering te ontdek en toe te pas, en andersyds omdat hierdie die begin kan wees van `n lewenslange nuut-gefokusde proses van omgaan met verhale. Ek is egter baie opgewonde oor die resultaat van die studie.

Drie vrae het die rigting van die studie bepaal en aanleiding gegee tot die hipotese formulering. Die eerste vraag gaan oor die gesag van die Bybel: kan hierdie teks wat moeilik verstaan word in die hedendaagse konteks, gesag beklee in die kerk, met ander woorde kan dit nog aanspraak maak op die leser? Die tweede vraag het betrekking op die interpretasie van die Bybel wat nie meer gelees of verstaan word nie, en dit is `n hermeneutiese vraag. Die eerste twee vrae het ontstaan na aanleiding van bepaalde uitdagings wat identifiseer is in die kerk vandag. Die eerste uitdaging het te doen met die stilswye van die Bybel in die kerk. Die tweede uitdaging is die krisis van die Nuwe Testamentiese hermeneutiek binne postmodernisme, wat gaan oor diverse interpretasie moontlikhede en die afwesigheid van outoriteit van die Bybel wat die leser kan begelei. Die derde uitdaging het daarmee te doen dat, selfs al word die Bybel gelees, word dit dikwels misverstaan, en dié uitdaging hang saam met die afstand tussen die teoloog en die lidmaat, wat tot gevolg het dat die Bybel sy geloofwaardigheid en gevolglik ook sy gesag, verloor. Dit gee aanleiding tot die vierde uitdaging, wat vra hoe die Bybel dan nog

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


integraal deel kan wees van die vorming van die gelowige en die geloofsgemeenskap se identiteit, as die Bybel dan sy gesag en geloofwaardigheid verloor het.

Waar die boek Openbaring ten doel het om die Christelike identiteit van die individu en die gemeenskap te vorm, word dié uitdagings akuut met betrekking tot die boek, veral aangesien die boek Openbaring gebruik maak van kultureel-ingebedde taal, wat die hermeneutiese uitdaging vergroot, want hoewel metafore en simbole vertaal kan word kan dit in die vertaal- en interpretasieproses juis die narratief se vermoë om verandering te bewerk, vernietig. Dit gee aanleiding tot die derde vraag: hoe kan `n boek soos Openbaring, wat baie betekenisvol en gesaghebbend was in die vroeë Christelike gemeenskappe, in dié sin dat dit hulle lewens en hulle verstaan van hulself en die wêreld gevorm het, nog betekenisvol en gesaghebbend wees in die hedendaagse lewe as die taal, metafore en simbole totaal vreemd is vir die eietydse leser?

As die Bybel nie meer `n outoriteit is in die postmoderne konteks nie, maar daar is literêre werke, soos The Lord of the Rings van J R R Tolkien, wat beskou word as die grootste literêre werk van die twintigste eeu en wat `n geweldige invloed op die leser daarvan het omdat dit verstaanbaar en kontemporêr is, kan dit die brug wees wat nodig is om die hermeneutiese gaping tussen die antieke teks en die moderne leser te oorbrug sodat die Bybel weer outoriteit kan hê en weer die identiteit van die leser kan vorm? Die vraag wat onmiddellik hieruit voortvloei, is: waaraan moet `n sekondêre literêre werk voldoen, om te kan funksioneer as `n hermeneutiese brug? Die **hipotese** is as volg geformuleer: Dit is hermeneuties en teologies regverdigbaar om gebruik te maak van sekondêre, buite-Bybelse literatuur (The Lord of the Rings), wat vergelykbaar is in doel en genre, as hermeneutiese instrument om primêre Bybelse (Openbaring) literatuur toeganklik te maak en te verhelder.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


Hermeneutiese proses

Die hipotese het heel eerste gelei tot `n omvattende ontdekkingsreis deur die hermeneutiek, op soek na `n bestaande hermeneutiek wat vir my die ruimte skep vir die studie. Hoewel baie breedvoerig, was elke deel van die reis vir my belangrik in terme van my eie akademiese ontwikkeling ten opsigte van hermeneutiek, maar veral ten opsigte van die ontwikkeling van verskillende aspekte van die studie. Baie kortliks uiteengesit het ek veral die volgende belangrike ontdekkings gemaak:

* Ek het ontdek dat die narratief-kritiese benadering, voorheen aan my feitlik onbekend, vir my die hermeneutiese ruimte skep waarbinne ek die verhale van Openbaring en The Lord of the Rings kan analiseer, veral aangesien dié benadering sy wortels het in die literêre analise van buite-Bybelse bronne en ek dit dus gemaklik kan gebruik vir albei my verhale waarvan die een `n buite-Bybelse bron is.
* Ek het die waarde van die histories-kritiese benadering opnuut ontdek, veral ten opsigte van antieke tekste, maar slegs met die oog op `n aanvullende funksie tot die narratief-kritiese benadering.
* In die ontwikkeling van my studie het die gedagtes van Barth en Bultmann, spesifiek die sake waaroor hulle saamgestem het ten opsigte van hermeneutiek, vir my baie beteken: (i) die feit dat ons altyd subjektief na `n teks toe kom, maar dat die subjektiewe aspek positief kan bydra tot die interpretasie proses, omdat dit `n bron van insig kan wees vir die verstaan van die teks in `n spesifieke konteks; (ii) die gedagte dat interpretasie nie voltooi is wanneer woorde vertaal is nie, maar dat die uitdaging geleë is in die vertaling van die inhoud in taal wat vir die moderne mens verstaanbaar is; (iii) en dat die uiteindelike en deurslaggewende inhoud `n openbaring is van God waardeur God na die mens toe kom.
* Die bestudering van taalfilosofie het baie lig gewerp op die studie, omdat die antieke taalgebruik van Openbaring en die vertaling van `n geskrif in `n ander tyd en konteks ter sprake is. Die gedagtes dat taal denke vorm, `n wêreld skep waarbinne die individu leef en dat agter die gebruik van taal die realiteit

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


van `n gedeelde wêreld is en dat betekenis gedeel word op grond van `n gemeenskaplike wêreld verstaan, is belangrike vormende gedagtes.
Taaltradisies groei en verander en Bybelse tekste word gevorm deur taalkonvensies van hulle tyd en plek, met ander woorde die Bybelse taal is kultureel gedetermineerd. Maar die historiese en kulturele gaping wat geskep word kan volgens taalkonvensies oorbrug word.

* Dié brug is die teks self, wat my bring by ontdekkings rakende die teks. Die gedagtes van Ricoeur is veral belangrik omdat dit die hermeneutiese vraag en fokus verander het. Dit wat agter die teks lê en die verifieerbaarheid daarvan, word minder belangrik, omdat die teks nie net `n wêreld wil open waaroor dit getuig nie, maar dit projekteer in werklikheid so `n wêreld. `n Teks beskryf nie net realiteit nie, maar *skep* of *herskep* realiteit. Dit is dus in die vermoë van taal om werklikhede of realiteite te skep en met dit in gedagte kan mens Openbaring en The Lord of the Rings nuut benader, as verhale wat nie `n werklikheid beskryf nie, maar wat `n nuwe werklikheid wil skep vir die leser om binne te tree.

* In samehang met die sentrale posisie wat die teks verkry in die denke van Ricoeur en wat gevolg word deur die narratiewe hermeneutiek, het die leser se rol duideliker geword: die leser moet die teks ernstig neem en nie net die teks benader op `n wyse waarop slegs eie gedagtes gereflekteer word nie, maar deur dialoog met die teks wat dit moontlk maak vir die teks om self te kommunikeer.

* Vir die studie was een van die belangrikste ontdekkings dié van openbaring en hermeneutiek, naamlik dat openbaring nie net gebind is aan Bybelse tekste nie, maar kan ‘gebeur’ in die geskiedenis, in prediking of selfs in `n novelle, wat beteken dat `n boek soos The Lord of the Rings inderdaad as `n openbarende teks beskou kan word. Dit beteken nie dat so boek die Bybel kan vervang nie, maar dat dit kan help om die getuienis van openbaring in die Bybel te verstaan.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


* Die hele funksie en effek van die narratief as literêre modus is natuurlik uiters relevant vir die studie: dat stories nuwe moontlikhede oopmaak vir die toekoms, `n nuwe wêreld skep, die leser kan verander en ons 'lesers van ons lewens' kan maak, en dat stories ons ten diepste deel maak van `n nuwe werklikheid en nuwe moontlikhede.

## Kritiese refleksie op die narratief-kritiese benadering

**Positief:**

Die benadering werk nie eksklusief ten opsigte van ander hermeneutiese uitgangspunte nie, maar leen van byvoorbeeld die retoriese-kritiek, struturalisme, leser-respons kritiek, en ander, wat baie verrykend is.

Die manier waarop teks (*sense*), outeur (*significance*), onderwerp (*reference*) en die leser met mekaar in verband gebring word en hoe op al vier elemente gefokus word en die wyse waarop die teks die brug word tussen die outeur en leser, is baie verhelderend in die analise van `n verhaal.

1. **Teks** (*sense*) wat werk met die linguistiese konvensies van `n spesifieke taal en dus tot `n sekere mate histories en kultureel gedetermineerd is.
2. **Outeur**. Die outeur wil `n sekere betekenis (*significance*) oordra deur die medium van taal.
3. **Onderwerp** (*reference*) – dit waarna die teks verwys en vir die leser/gehoor van wil vertel.
4. **Interpreteerder/gehoor/leser** wat die teks ontvang en *sense* en *significance* vind in die teks vir hom/haarself.

In die toepassing van die benadering het ek heelwat uit die teks (*sense*) van albei verhale ontdek en het die tekste weer nuut tot my gespreek (*significance*), wat vir my die sinvolheid van die benadering bevestig.

**Krities:**

dit lyk vir my gevaarlik, wanneer mens met antieke tekste werk, om slegs met die teks te werk, sonder dat die sosio-historiese agtergrond voldoende in ag geneem word, omdat die leser uiteindelik in staat is om die boodskap van die teks te verpas. Daar moet gewaak word, myns insiens, teen die moontlikheid

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


wat die benadering open vir lesers om deel te word van die radikale leser-respons groep, waaroor Vanhoozer krities is. Die gebruik van die histories-kritiese kan help om `n balans te handhaaf tussen enersyds om die teks toe te laat om te spreek en ruimte te skep vir die teks om meer te sê as wat selfs die outeur ten doel gehad het, en andersyds om die teks eenvoudig enige iets te laat sê.

Die fantasie-genre is beperk. Dit beteken dat die verhaal van The Lord of the Rings sinvol gebruik kan word as parallelle verhaal tot Openbaring, slegs in die lewens van diegene wat die genre as outoriteit in hul lewens aanvaar. Ander verhale moet dus ontgin word of selfs geskep word.

## Konklusie van die studie: was dit suksesvol?

Soos blyk uit hoofstuk 7, die vergelykende studie, is die hipotese bewys dat daar wel parallelle verhale kan bestaan wat vergelykbaar is in doel en genre. In teorie is dit dus moontlik om `n sekondêre Bybelse verhaal te gebruik. Aangesien my probleem egter vanuit die gemeentepraktyk ontstaan het, het ek besluit om die teorie in die praktyk te toets. Ons jeugbediening bied `n jaarlikse seekamp vir tieners aan. Ek het besluit op ‘*The Quest*’ as tema van die kamp, na aanleiding van The Lord of the Rings, en om die hele kamp op hierdie tema te baseer. Die jongmense is as’t ware op `n *Quest* geneem waarin die avontuur-aktiwiteite deel uitgemaak het van hulle ‘ontberings’, wat sinvol toegepas kan word op hul lewenservaring (ervaringsleer). Die aandprogram het die *Quest* en Openbaring aan mekaar verbind en al die belangrikste temas wat ek in die twee verhaalanalises vergelyk, was ter sprake. Die resultaat was as volg:

- Ons eerste groot verrassing was dat heelwat jongmense aangemeld het vir die kamp wat glad nie in ons gemeente of in die kerk is nie, jongmense wat baie gou laat blyk het dat hulle krities staan teenoor die kerk en dat die Bybel vir hulle geen relevansie het nie (deel van die program was uitgewerk om ruimte te skep vir dié gevoelens wat ons weet bestaan, om uitgespreek te word). Waarom het hulle op die kamp gekom? The Lord of the Rings is hulle wêreld, hulle speel die The Lord of the Rings

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


rekenaarspeletjies, hulle het die boek verskeie male gelees, hulle het die flieks vier of vyf keer gesien – `n nuwe generasie.

- Die eerste aand was hulle skepties oor die inhoud. Uittreksels uit die film The Lord of the Rings is gewys en daarna is kreatiewe Bybelstudie gedoen, in gesprek met The Lord of the Rings. Teen die derde aand kon die jongmense nie wag vir die geestelike program nie. Uitsprake soos: ons het nie geweet die Bybel het iets vir ons te sê nie, en ons het nie geweet watse interessante karakters in die Bybel is nie (Gollum is daar, en Sam en Frodo [karakters uit The Lord of the Rings]!, en hulleself!), het meer en meer in die groepe opgeklink. Bedags se avontuurprogramme is gekleur deur jongmense se soekende gesprekke met die twaalf mentors wat saamgegaan het en wat almal vooraf Openbaring en The Lord of the Rings bestudeer het. Die jongmense wou meer weet en ontdek. Een kind het die evangelie as 'vars' (in hulle taal) beskryf en `n ander het gesê dat die Bybel nogal 'cool' is. Vir my het dit een ding beteken: die Bybel praat met die kinders in húlle taal, met die hulp van die boek The Lord of the Rings
- Die uiteindelike uitkoms was selfs meer verrassend as wat ons kon bid of hoop. Verskeie van die jongmense het by die gemeente aangesluit en deel geword van kleingroepies wat weekliks bymekaar kom, nou rondom ander verhale wat ons saam met hulle ontdek, byvoorbeeld die Evangeliese momente in The Matrix, ensovoorts.

Ek het ook begin om The Lord of the Rings baie sinvol in pastorale gesprekke te gebruik.

**My konklusie:** die hipotese is vir my bevestig. Dit is hermeneuties en teologies regverdigbaar om gebruik te maak van `n sekondêre, buite-Bybelse literêre bron (The Lord of the Rings), wat vergelykbaar is in doel en genre, as hermeneutiese instrument om primêre Bybelse (Openbaring) literatuur toeganklik te maak en te verhelder.

Toekomsscenario:

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


Hierdie is slegs die begin van `n hermeneutiese proses wat baie betekenisvol en verrykend gebruik kan word. Verhale kan geskep word of bestaande Christelike verhale kan gebruik word om in dialoog met die Skrif gebring te word.

Die narratief-kritiese benadering het vir my `n wêreld geskep waarbinne die Evangelie nuut tot individue en gemeenskappe kan spreek.